basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## EKONOMIE V1

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

**Approved**

**N PILLAY**
**Internal Moderator**
**2/06/2024**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

*Copyright reserved*

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B – residuele item ✓✓
1.1.2 A - amplitude ✓✓
1.1.3 D - Oktober ✓✓
1.1.4 A - handelsbalans✓✓
1.1.5 C - globalisering ✓✓
1.1.6 B - eiendomsbelasting✓✓
1.1.7 D - spesiale ekonomiese sone ✓✓
1.1.8 C – 1 ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PAS ITEMS

1.2.1 E - die beweging van produksiefaktore, goedere en dienste tussen ekonomiese deelnemers✓
1.2.2 G - die verwydering van wette en ander vorme van staatsbeheer wat by die funksionering van markte inmeng ✓
1.2.3 A - wanneer van 'n persoon verwag word om 'n verduideliking van sy of haar besluite of aksies te gee ✓
1.2.4 I - fokus op die produksie/voorsiening van 'n bepaalde tipe goedere of diens✓
1.2.5 F - betaling van subsidies wat gelyk is aan invoerregte deur uitvoerprodusente betaal✓
1.2.6 B- word deur die Verenigde Nasies gebruik om die lewensstandaarde tussen verskillende lande te vergelyk✓
1.2.7 C - wettige eienaarskap of kopiereg, ontwerp, patent of handelsmerk deur 'n individu of besigheid✓
1.2.8 D - aantal jare wat 'n pasgebore baba waarskynlik sal lewe✓
(8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Dubbeltelling ✓
1.3.2 Volle indiensneming✓
1.3.3 Wisselkoers ✓
1.3.4 Handelsversperrings/handelsbeperkinge ✓
1.3.5 Morele oorreding ✓
1.3.6 Nywerheids-/ekonomiese/vervaardigings-/produksiebasis✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -0- 0
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B

**Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.**

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 **KORTVRAE**

2.1.1 **Noem die TWEE faktore wat die grootte van die vermenigvuldiger in 'n twee-sektor-model bepaal.**

- Marginale verbruiksgeneigdheid/ Marginale geneigdheid vir verbruik (MVG) ✓
- Marginale spaargeneigdheid (MSG) ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) opemark-transaksies gebruik om geldaanbod te vermeerder?**

Koop sekuriteite/staatseffekte van banke en daardeur meer geld in die bankstelsel in te spuit wat geldaanbod sal vermeerder. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die kategorie van verbruiksgoedere wat in die derde kwartaal van 2022 (Q3, 2022) groei aangeteken het.**

Duursame goedere✓ (1)

2.2.2 **Noem EEN voorbeeld van nieduursame goedere.**

- Voedsel✓
- Drank✓
- Brandstof✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *verbruik*.**

Gebruik van finale goedere en dienste om menslike behoeftes te bevredig / Die handeling van die gebruik van hulpbronne om huidige behoeftes en behoeftes te bevredig✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

2.2.4 **Waarom word besparings as lekkasies in die ekonomiese kringloop-model beskou?**

Besparings (spaar) vloei van huishoudings na die bankstelsel wat die hoeveelheid geld in sirkulasie verminder / Besparings verminder die vloei van geld wat aan goedere en dienste bestee kan word.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -03- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.2.5 **Hoe kan 'n verhoging in rentekoerse huishoudings in die ekonomiese kringloop beïnvloed?**

- Huishoudings sal minder geld by finansiële instellings leen weens hoër rentekoerse. ✓✓
- Verbruikers sal minder goedere en dienste koop soos krediet duurder raak ✓✓
- Huishoudings sal meer opbrengs op besparings (spaargeld) wat buigbare rentekoerse het ontvang ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer 'n term wat na parastatale verwys.**

Staatsbeheerde ondernemings (SBOs) ✓ (1)

2.3.2 **Gee EEN kenmerk van openbaresektor-mislukking.**

- Oneffektiwiteit✓
- Ondoeltreffendheid✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *nasionalisering*.**

Oordrag van funksies en eienaarskap van entiteite vanaf die privaatsektor na die openbare sektor. / Wanneer die owerhede eienaarskap en beheer van 'n bestaande onderneming in die privaatsektor neem.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Waarom is dit vir die owerheid belangrik om in beheer te bly van die sleutelinse-sektore soos energie en vervoer?**

- Die owerhede sal strategies geposisioneer wees om die koste van sleutel-insette aan produksie soos elektrisiteit en vervoer te beheer, wat die koste van besigheid doen in die ekonomie minimaliseer✓✓
- Om prysstabiliteit te bevorder en alle huishoudings toe te laat om goedere en dienste te bekostig✓✓
- Om infrastruktuurontwikkeling te bevorder wat deur private entiteite misgekyk kan word✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse owerheid voordeel trek uit die privatisering van staatsbeheerde ondernemings (SBOs)?**

- Die owerheid kan inkomste (buitelandse valuta) verhoog uit die verkope van openbare entiteite aan die private sektor ✓✓
- Die belastingbasis sal vergroot en die owerhede sal meer belastinginkomste verkry om op ekonomiese projekte soos infrastruktuurontwikkeling te spandeer.✓✓
- Die owerhede sal minder administratiewe las hê op die werksaamhede van parastatale.✓✓
- Privatisering mag die fiskale druk verminder in terme van finansiële hulp op verliesmakende parastatale. ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024-05-02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou 

- Die owerheid kan privatisering gebruik om ontwikkelingsdoelwitte deur swart ekonomiese bemagtiging te bevorder. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Bespreek die rol van huishoudings in die ekonomiesekringloop-model.**

- Huishoudings besit die produksiefaktore soos natuurlike hulpbronne, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap. ✓✓
- Hulle verkoop produksiefaktore aan besighede vir die produksie van goedere en dienste. ✓✓
- Huishoudings koop goedere en dienste met die inkomste wat hulle ontvang van hul produksiefaktore. ✓✓
- Hulle spaar deels van hul inkomste met finansiële instellings wat die beskikbaarheid van leenbare fondse verseker. ✓✓
- Hulle betaal direkte belasting soos persoonlike inkomstebelasting aan die owerhede van die inkomste wat hul verdien. ✓✓
- Verbruikers betaal indirekte belasting soos BTW en aksynsregte wanneer hulle goedere en dienste koop. ✓✓
- Huishoudings mag hul inkomste belê deur bates soos aandele en eiendom te koop om rykdom op te hoop. ✓✓
- Hulle leen fondse van finansiële instellings om goedere en dienste te koop wat totale vraag stimuleer. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (4 x 2)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite/ voorbeelde toe)** (8)

2.5 **Ontleed die faktore wat 'n tekort op die Suid-Afrikaanse betalingsbalans (BB) kan veroorsaak.**

- Daling in binnelandse produksie kan daartoe lei dat minder goedere en dienste uitgevoer word, wat 'n tekort op die lopende rekening skep. ✓✓
- Lae ekonomiese groei in Suid-Afrika se handelsvennote soos VSA en China mag vraag vir Suid-Afrikaanse uitvoere verminder wat tot 'n daling in die waarde van uitvoere in die lopende rekening sal lei. ✓✓
- Afname in aanbod van goedere en dienste op plaaslike markte mag die bedrag van invoere vermeerder wat tekorte in die lopende rekening sal verhoog . ✓✓
- Daling in uitvoerpryse en 'n styging in invoerpryse mag tot verminderde uitvoerverdienste en hoër invoerbetalings lei✓✓
- Verwydering van invoerbeperkinge soos tariewe en kwotas mag die bedrag van invoere vermeerder en daardeur tekort in die lopende rekening verhoog. ✓✓
- Tekorte aan kapitaalgoedere, soos masjinerie en toerusting, in die plaaslike ekonomie mag meer invoere van sulke goedere tot gevolg hê.✓✓
- Ongunstige klimaattoestande soos droogte mag plaaslike produksie verminder wat tot verminderde uitvoere en meer invoere bydra. ✓✓
- Appresiasie van die rand mag invoere vermeerder aangesien hulle relatief goedkoper raak en uitvoere verminder soos hulle relatief duurder raak✓✓
- Depresiasie van die rand kan invoerbetalings verhoog en 'n tekort in die lopende rekening verhoog.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (4 x 2) (8)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)**

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 **KORTVRAE**

3.1.1 **Noem enige TWEE regstellende beleide in Suid-Afrika.**

- Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) ✓
- Wet op Gelyke Indiensneming/ Regstellende aksie✓
- Grondherverdeling✓
- Grondrestitusie✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1 ) (2)

3.1.2 **Hoe kan invoervervanging industrialisasie bevorder?**

Die oprig van nuwe besighede om goedere en dienste te produseer wat voorheen ingevoer was help op die plaaslike nywerhede uit te brei. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer in die uittreksel hierbo 'n vorm van belasting op invoere opgelê.**

Tariewe✓ (1)

3.2.2 **Noem die internasionale handelsbeleid wat plaaslike produsente teen onbillike buitelandse mededinging beskerm.**

Beskerming✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *invoerkwota.***

'n Handelsbeperking wat die hoeveelheid van goedere en dienste beperk wat van ander lande gekoop mag word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik die rol van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) in die bevordering van vrye handel.**

- Die WHO dien as 'n forum vir multilaterale onderhandelinge✓✓
- Administreer en implementeer multilaterale handels-ooreenkomste✓✓
- Los handelsdispute op en hou toesig oor die hersiening van nasionale handelsbeleide ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -03- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.2.5 **Hoe kan storting 'n impak op verbruikers in die invoerland hê?**

- Op die korttermyn, verbruikers in die invoerende land sal laer pryse vir goedere en dienste betaal. ✓✓
- Verbruikers se inkomste sal meer goedere en dienste bekostig wat hul welsyn sal verbeter. ✓✓
- Op die langtermyn, verbruikers in invoerlande mag hoër pryse op goedere en dienste betaal soos mededinging afneem. ✓✓
- Verbruikers se keuse sal beperk wees soos sommige plaaslike besighede uit die mark gedryf sal word deur goedkoper buitelandse produkte. ✓✓
- Verbruikers mag dit moeilik vind om aan te pas by plaaslike produkte wanneer die goedkoper invoere vanuit die ekonomie onttrek word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die letter wat ontwikkelde lande in die kaart hierbo verteenwoordig.**

A✓ (1)

3.3.2 **Noem EEN aspek (element) wat met die lewenstandaard verband hou.**

- Per-capita inkomste ✓
- Lewensverwagting ✓
- Onderwys ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *Noord/Suidverdeling*.**

Die sosio-ekonomiese en politieke verdeling tussen die ontwikkelde lande in die noordelike halfrondte en die ontwikkelende lande in die suidelike halfrondte. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Hoe kan ekonomiese aktiwiteite in die Noorde 'n uitwerking op die omgewing hê?**

- Lande in die Noorde beoefen massaproduksie wat behels die brand van fossielebrandstof, wat tot die uitlating van kweekhuisgasse tot gevolg hê wat osoon uitdunning en klimaatsverandering veroorsaak. ✓✓
- Produksie van goedere in groot hoeveelhede mag tot oorbenutting van natuurlike hulpbronne lei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.3.5 **Verduidelik die uitdagings wat ontwikkelende lande in die gesig staar wanneer met ontwikkelde lande handel gedryf word.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024-05-02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Ontwikkelende lande voer hoofsaaklik rou materiaal uit met minder waarde aan ontwikkelde land en voervervaardigde produkte in met hoër waarde van ontwikkelde lande. ✓✓
- Ontwikkelde lande gaan voort om produksie van hul landbouprodukte te subsidieer, wat dit moeilik maak vir ontwikkelende lande om mee te ding. ✓✓
- Ontwikkelde lande dring aan dat ontwikkelende lande tariewe moet verwyder op vervaardigde goedere wat maak dat vervaardigers in ontwikkelende lande klante in hul ekonomieë verloor. ✓✓
- Swakker geldeenhede lei daartoe dat ontwikkelende lande meer betaal vir invoere uit ontwikkelde lande ✓✓
- Gebrek aan nuwe tegnologieë beperk die mededingendheid van ontwikkelende lande op globale markte✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek nywerheidsontwikkelingsones (NOS) as Suid-Afrika se inisiatief in streeksontwikkeling.**

- 'n Nywerheidsontwikkelingsone (NOS) is 'n doelwit- geboude nywerheidspark wat fisies omhein is, met uitvoere as die hoof doel ✓✓
- 'n NOS is dikwels gekoppel aan 'n internasionale lughawe of seehawe, wat dit makliker maak om goedere in-en uit te voer ✓✓
- NOS'e val buite die binnelandse doeanesones en is in staat om produksie-insette vry van doeaneregte en handelsbeperkinge in te voer ✓✓
- Die ingevoerde insette word in die vervaardigingsproses gebruik met die bedoeling om die voltooide goedere uit te voer ✓✓
- NOS bied wêreldklas infrastruktuur, 'n nultarief BTW op voorrade van Suid-Afrikaanse bronne en verlaagde belasting op sommige produkte ✓✓

**NOS was gemik om:-**

- nuwe investering in uitvoer-gedrewe besighede te lok ✓✓
- ekonomiese groei aan te moedig deur buitelandse investering in nywerheidsontwikkeling te lok om uitvoere van waarde toegevoegde produkte te verhoog ✓✓
- Internasionale mededingendheid van plaaslike bedrywe te versterk en daardeur plaaslike markte uit te brei ✓✓
- Werksgeleenthede te skep en die vaardigheidsbasis in die land uit te brei ✓✓
- owerheidsaansporingsprogramme soos verminderde belasting, belastingvrye invoere en toegewyde doeane hulpdienste te voorsien ✓✓
- die uitputting van bron intensiewe bedrywe te bevorder en daardeur industrialisasie 'n hupstoot te gee ✓✓
- Skakels tussen binnelandse en streeks-gebaseerde bedrywe te bevorder en ontwikkel ✓✓
- Voorbeelde van NOS'e in Suid-Afrika sluit in Coega NOS, OR Tambo Internasionale Lughawe, Oos-Londen NOS, Richardsbaai NOS en Saldanhabaai NOS ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (4 x 2) (8)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite/ voorbeelde toe)**

3.5 **Ontleed die redes waarom Suid-Afrikaanse verbruikers ingevoerde goedere en dienste verkies.**

Suid-Afrikaanse verbruikers verkies ingevoerde goedere en dienste omdat:

- die verwydering van handelsbeperkings deur vryhandel ooreenkomste verminder die koste om goedere en dienste in te voer ✓✓
- sommige lande soos China en Koeweit het vergelykende voordeel in die produksie van sekere goedere wat maak dat invoere goedkoper as plaaslike vervaardigde goedere is ✓✓
- sommige plaaslike verbruikers geniet uitsluitlike inkopies te maak vanweë handelsmerklojaliteit, toename in inkomste en as gevolg van verskillende smake en voorkeure ✓✓
- ingevoerde goedere en dienste mag van 'n beter gehalte as plaalike vervaardigde produkte wees, veral in die geval van tekstiel ✓✓
- aanlyn-inkopie platforms soos Shein maak die meer gerieflik vir Suid-Afrikaanse verbruikers om produkte van ander lande te koop ✓✓
- sekere goedere en dienste mag op plaaslike markte in beperkte hoeveelhede beskikbaar wees ✓✓
- goedere en dienste invoere van verskillende lande meer keuses aan verbruikers verskaf ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)** (4 x 2) (8)
**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 **KORTVRAE.**

4.1.1 **Noem enige TWEE finansiële aansporings wat die Suid-Afrikaanse owerheid gebruik om nywerheidsontwikkeling te verbeter.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Kleinsake-ondersteuningsprogram ✓
- SEDA Tegnologie Program /STP ✓
- Vaardigheidsondersteuningsprogram (VOP) ✓
- Kritieke Infrastruktuurfasiliteite ✓
- Doeane-vrye aansporings ✓
- Buitelandse investeringsaansporings ✓
- Strategiese beleggingsprogram ✓
- Dienste aan Sakeprosesse ✓ (2)

(2 x 1)

4.1.2 **Waarom streef die owerheid daarna om openbare skuld op minstens 60% van die bruto binnelandse produk te hou?**

- Verlaag die las van die belastingbetaler aangesien die terugbetaling op rente en lenings van belastinginkome kom
- Beperkte staatskuld sal beteken dat meer geld geallokeer word na funksionele behoeftes van die owerheid

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer, in die tabel hierbo, die jaar waarin die waarde van die rand die sterkste was.**

2018 ✓ (1)

4.2.2 **Noem die wisselkoersstelsel in Suid-Afrika gebruik?**

Vryswewende wisselkoersstelsel ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *depresiasie* met betrekking tot wisselkoerse.**


'n Daling in die waarde van 'n geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid as gevolg van veranderinge in die markkragte van vraag en aanbod. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Hoe kan die owerhede direk in die buitelandse valutamarkte ingryp wanneer die plaaslike geldeenheid onderwaardeer word?**

Die sentrale bank kan buitelandse geldeenhede in die mark verkoop om aanbod te laat toeneem en daardeur die wisselkoers te verlaag en die plaaslike geldeenheid sal appresieer.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Trek 'n korrekte benoemde grafiek om die uitwerking van 'n toename in die vraag vir VS dollars in Suid-Afrika te toon.**




**TOEKENNING VAN PUNTE:**
Korrekte benoeming van asse = 1 punt
Korrekte tekening en benoeming van die oorspronklike krommes = 1 punt
Korrekte verskuiwing van die vraagkromme = 1 punt
Korrekte benoeming op asse = 1 punt
**Maks. 4 punte**

(4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die prent, deur die letters hierbo te gebruik, wat die vierde nywerheidsrevolusie verteenwoordig.**

D ✓ (1)

4.3.2 **Noem die staatsdepartement wat daarvoor verantwoordelik is om nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder.**

Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging/ DHNM/ DHN✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *vervaardiging*.**

Die proses van omskakeling roumateriaal of natuurlike hulpbronne in half-voltooide of voltooide produkte. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.3.4 **Verduidelik die invloed van vaardigheidstekorte op nywerheidsontwikkeling.**

- Nywerheidsontwikkeling mag vertraag word soos besighede mag misluk om hoogs-vaardige personeel te werf. ✓✓
- Potensiële investering in verskillende bedrywe mag ontmoedig word deur lae arbeidsproduktiwiteit. ✓✓
- Dit kan tot verhoogde bedryfskoste lei aangesien nywerhede dalk meer aan vaardigheidsontwikkeling sal moet bestee. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe kan die Nasionale Navorsing- en ontwikkelingstrategie (NNOS) help om die Suid-Afrikaanse ekonomie te verbeter?**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024-05-02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Die NNOS behels die navorsing op nuwe tegnologieë wat help om produktiwiteit te verhoog. ✓✓
- Navorsing op nuwe produksietegnieke mag hoër uitsette tot gevolg hê wat ekonomiese groei stimuleer. ✓✓
- Bekendstelling van nuwe tegnologieë mag produktiewe doeltreffendheid verbeter wat tot laer pryse in die ekonomie lei. ✓✓
- Nuwe maniere om besigheid te doen soos internet-verkope mag meer gerieflik en koste-doeltreffend vir verbruikers en produsente wees. ✓✓
- Kunsmatige intelligensie mag help om komplekse probleme in die ekonomie op te los. ✓✓
- Die ontwikkeling van nuwe tegnologieë kan nuwe werksgeleenthede soos data-ontleders skep ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

4.4 **Bespreek die noodsaaklikheid van die openbare sektor in die ekonomie.**

- Die openbare sektor voorsien gemeenskapsgoedere soos straatligte gratis omdat niebetalers nie uitgesluit kan word in die verbruik nie. ✓✓
- Die staat verskaf kollektiewe goedere soos stadions en parke vir 'n gebruiksfooi of heffing om misbruik van openbare goedere deur niebetalers te ontmoedig. ✓✓
- Die staat gebruik subsidies om die produksie en verbruik van meriete goedere soos onderwys en gesondheidsorg te ontmoedig omdat hulle sosiaal voordelig is. ✓✓
- Die owerheid gebruik belasting om die produksie en verbruik van niemerietegoedere soos alkohol en sigarette omdat hulle skadelik aan menslike wesens is. ✓✓
- Die owerheid neem die rol as die beskermer van die omgewing aan deur formulering en oplegging van wetgewing wat hul volhoubaarheid sal verseker. ✓✓
- Die owerheid is verantwoordelik om die kollektiewe belange van hul burgers te beheer. ✓✓
- Verseker 'n sosiaal en wetgewende omgewing waarin individue en besighede hul eie belange tot die maksimum nastreef. ✓✓
- Pas toepaslike en geloofwaardige ekonomiese beleide toe ten einde internasionale gerespekteerde ekonomiese doelwitte te bereik. ✓✓
- Bevorder beleide wat gelyke geleenthede aan al hul burgers sal verseker. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (4 x 2) (8)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite/ voorbeelde toe)**

4.5 **Hoe gebruik die Suid-Afrikaanse owerheid fiskale beleid om die lewensstandaard te verbeter?**

**Die SA owerheid gebruik die fiskale beleid om die lewenstandaard in die land te verbeter deur:**

- belastinginkome te gebruik om maatskaplike toelae soos ouderdomstoelae, kindertoelae en ongeskiktheidstoelaes om die lewenstandaard vir die benadeelde groepe te verbeter. ✓✓
- progressiewe inkomstebelastingstelsel te gebruik wat beoog om inkomste te herverdeel deur hoër belastingkoers te hef op hoë-inkomste verdieners en lae belastingkoerse op laer inkomste verdieners. ✓✓
- in-natura voordele soos gratis basiese gesondheidsorg en onderwys te voorsien om te verseker dat die lewenstandaard vir die ekonomiese gemarginaliseerde burgers verbeter. ✓✓
- ekonomiese uitdagings van werkloosheid aan te spreek deur die werkloosheidstoelaag van R350 te verleng om 'n beter lewenstandaard te handhaaf. ✓✓
- tydelike indiensneming en bronne van inkomste te verskaf deurgaande die uitgebreide openbare werke-program. ✓✓
- eiendomsubsidies te betaal aan mense wat minder as R3500 per maand verdien vir hulle om behuising te bekostig. ✓✓
- rykdombelasting te hef om maatskaplike ontwikkeling besteding te finansier wat die armes meer as die rykes bevoordeel. ✓✓
- regstellende maatreëls te implementeer soos BBSEB en regstellende aksie om die lewenstandaard van die voorheen benadeelde groepe te bevorder. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)** (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -03- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2024 -0- 0 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C

**Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.**

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die nuwe ekonomiese paradigma om sakesiklusse glad te stryk. (26)**
- **Hoe kan 'n toename in ekonomiese aktiwiteit besighede beïnvloed? (10)**

**INLEIDING**

- Die nuwe ekonomiese paradigma stel voor dat dit moontlik is om maatreëls te implementeer om ekonomiese groei te bevorder en werkloosheid te verlaag sonder om inflasie uit te lok. ✓✓
- Die nuwe ekonomiese paradigma is geanker in beide vraag- en aanbod-kantbeleide. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks 2)**

**LIGGAAM: HOOFDEEL**


**Vraagkantbeleide:** ✓
- Tradisionele monetêre en fiskale beleide fokus op totale vraag te manipuleer om ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed.✓✓

**Monetêre beleid:** ✓
- Wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit laag is, kan die SARB uitbreidings-maatreëls gebruik om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer. ✓✓
- 'n Uitbreidende monetêre beleid kan geïmplementeer gedurende 'n resessie, ten einde ekonomiese aktiwiteite te stimuleer. ✓✓
- Rentekoerse kan verlaag word om lenings goedkoper te maak en besteding deur huishoudings en besighede aan te moedig. ✓✓
- Die vlak van ekonomiese aktiwiteite neem toe namate beleggings gelok sal word en meer produksiefaktore in diens geneem sal word. ✓✓
- Hoër vlakke van produksie, inkome en besteding sal bereik word. ✓✓
- Inflasie sal styg as die aanbod van goedere en dienste nie toeneem in lyn met 'n styging in vraag nie, ✓✓

**Fiskale beleid:** ✓
- Wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit laag is, kan die minister van finansies kan uitbreidende fiskale maatreëls gebruik om groei te stimuleer en werkloosheid te verminder.✓✓
- 'n Uitbreidings fiskale beleid kan geïmplementeer word gedurende 'n resessie ten einde om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer. ✓✓
- 'n Styging in staatsbesteding sal totale vraag laat toeneem. ✓✓
- Wanneer daar 'n verhoging in inspuiting in die ekonomie is, sal produksie vermeerder gevolglik meer produksiefaktore sal in diens geneem word.✓✓
- Hoër inkomste en besteding sal ekonomiese aktiwiteite stimuleer. ✓✓
- Belasting kan verlaag word, wat sal lei tot 'n styging in besteebare inkomste.✓✓
- Verbruiksbesteding en beleggings sal styg, stimuleer totale vraag in die ekonomie. ✓✓

**(Ken punte vir die bespreking toe oor hoe monetêre en fiskale beleid gebruik word om sakesiklusse glad te stryk, d.w.s uitbreidende beleide om ekonomiese groei te bevorder en werkloosheid by die trog te verminder en inkrimpende beleide om inflasie op die piek te verminder)**

**Effekte van vraagkant- en aanbodkantbeleide (Nuwe ekonomiese paradigma)**




DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**TOEKENNING VAN PUNTE:**
Benoeming van asse = 1 punt
Benoeming van die krommes = 1 punt
Verskuiwing van TA en TV = 2 punte
**Totaal = 4 punte**


**Inflasie:** ✓
- Totale vraag en aanbod is in ewewig by punt e, waar TA = TV. ✓✓
- Meer reële uitset $H_2$ word geproduseer sonder enige prysstygings, as totale aanbod verskuif van TV na $TV_1$ terwyl totale aanbod na $TA_1$ verskuif. ✓✓
- Aanbod is dikwels onveranderd op die korttermyn wat totale aanbod dieselfde laat bly wanneer totale vraag styg. ✓✓
- 'n Styging in totale vraag na $TV_1$ terwyl totale aanbod dieselde bly vorm 'n nuwe ekwilibrium (ewewig) punt $e_1$. ✓✓
- Reële uitset neem toe van H na $H_1$ maar die algemene prysvlak styg ook van P na $P_1$ wat aanleiding tot inflasie gee. ✓✓
- Die oplossing is om aanbodkantmaatreëls te implementeer soos vaardigheidsontwikkeling om te verseker dat aanbod meer aanpasbaar is. ✓✓

**Werkloosheid:** ✓
- Vraagkantbeleide is doeltreffend in stimulering van ekonomiese groei deur totale vraag gedurende ekonomiese resessie te laat toeneem. ✓✓

- Ekonomiese groei neem die vraag na arbeid toe en werkloosheid verminder. ✓✓
- Wanneer werkloosheid daal sal inflasie begin toeneem, soos deur die Phillips-kromme geïllustreer. ✓✓

**Phillips-kromme**

| |
|---|
| **TOEKENNING VAN PUNTE:**<br>Benoeming van *x*-as = 1 punt<br>Benoeming van kromme = 1 punt<br>Benoeming van *y*-as = 1 punt<br>Benoeming op asse = 1 punt<br>**Totaal = 4 punte**<br>**Aanvaar die Phillips-kromme wat nie die horisontale as sny nie** |




DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Die Philips-kromme toon die negatiewe of inverse verhouding tussen werkloosheid en inflasie aan. ✓✓
- PK dui die oorspronklike situasie aan, punt A waar die PK- kromme die horisontale as sny. ✓✓
- Punt A dui die natuurlike koers van werkloosheid van 14% aan, wat die vlak van indiensneming is wat geen druk op lone veroorsaak en daarom geen inflasionêre effek het nie. ✓✓
- By vlakke van werkloosheid onder punt A (14%), sal inflasie toeneem. ✓✓
- As die ekonomie gestimuleer word sodat die werkloosheidskoers na 10% daal by punt B, lone neem toe tot sulke mate dat inflasie na 2% styg. ✓✓
- 'n Verdere afname in werkloosheid na 8% by punt C veroorsaak inflasie om te styg na 6%. ✓✓
- Aanbodkantmaatreëls kan gebruik word om die Phillipskromme te verplaas linkswaarts van PK na $PK_1$. ✓✓
- Aanbodkantmaatreëls sluit in verbeterde onderwys, doeltreffende opleiding en minder beperkinge op immigrasie van geskoolde werkers. ✓✓
- Natuurlike werkloosheid verminder van 14% by punt A na 9% by punt D, sonder om inflasie uit te lok (inflasiekoers bly op 0%). ✓✓
- Aanbod kan tot hoër vlakke gestimuleer word, voordat die toename in indiensneming 'n effek op inflasiekoers het. ✓✓

**Aanbodkantbeleide** ✓
- 'n Vraagkantbenadering verskaf nie die verlangde uitkoms nie, omdat groei gesny moet word a.g.v. probleme met inflasie ✓✓
- Totale aanbod moet bestuur word, deur te fokus op verhoogde buigsaamheid van aanbodkomponente. ✓✓
- Die owerheid kan verskaffers ondersteun op 'n wyse wat hulle sal toelaat om te reageer op veranderinge in vraag. ✓✓
- Verlaging in koste laat 'n groter uitset toe wat op enige gegewe prysvlak verskaf kan word. ✓✓

**Regeringsmaatreëls om koste van besigheid doen te verlaag** ✓
- Verminder die koste van Infrastruktuurdienste soos kommunikasie, vervoer en energiekoste. ✓✓
- Verlaag administrasiekoste soos inspeksies en regulasies dra wat tot algehele koste bydra. ✓✓
- Kontantaansporings soos subsidies kan gebruik word om die produksiekoste te verlaag ✓✓
- Vergoeding aan uitvoerders kan gebruik word om verhoogde produksie wat gerig is op buitelandse markte, aan te moedig ✓✓

**Maatreëls om doeltreffendheid van insette te verbeter** ✓
- Laer koerse van persoonlike inkomstebelasting kan gebruik word as aansporings vir hoë produktiwiteit en verhoogde totale aanbod.✓✓
- Vervanging van kapitaalgoedere op 'n gereelde grondslag wat geleenthede sal skep vir besighede om by te hou met tegnologiese ontwikkeling. ✓✓
- Menslike hulpbronne ontwikkeling waar die gehalte van arbeid verbeter kan word deur gesondheidsorg, onderwys en opleiding te verbeter wat die doeltreffendheid van besighede sal verhoog. ✓✓
- Gratis adviesdienste om geleenthede te bevorder om uit te voer en om sakeaktiwiteite in die buiteland te vestig, wat insluit weervoorspellings, veeartsenydienste en navorsing. ✓✓

**Maatreëls om doeltreffendheid van markte te verbeter** ✓
- Deregulering waar wette en regulasies verwyder word om die aanpasbaarheid van markte te verbeter. ✓✓
- Mededinging word aangemoedig om nuwe besighede te vestig, buitelandse direkte investering te lok, en magswanbalanse te verwyder. ✓✓
- Maak die ekonomiese speelvlak gelyk deur privatisering om private besighede toe te laat om met publieke ondernemings mee te ding. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)**
**(Ken 'n maksimum van 8 punte vir opskrifte/ sub-hofies/ lys van feite/ voorbeelde toe)**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -0- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**ADDISIONELE DEEL**

**'n Toename in ekonomiese aktiwiteit mag besighede as volg beïnvloed:**

- Vraag vir goedere en dienste deur besighede geproduseer neem toe soos huishoudings meer inkomste van meer werksgeleenthede ontvang. ✓✓
- Besighede mag hoër arbeidskoste aangaan deur meer werkers in diens te neem om meer goedere en dienste te produseer. ✓✓
- Vervaardigers mag meer tegnologiese gevorderde produksietegnieke moet gebruik om produktiwiteit te verhoog. ✓✓
- Besighede se winste sal toeneem as gevolg van hoër verkope van goedere en dienste. ✓✓
- Uitvoerders mag meer buitelandse valuta genereer deur meer goedere en dienste aan uitvoermarkte te verkoop. ✓✓
- Besighede mag produksie-insette invoer teen laer koste as die rand appresieer gedurende ekonomiese opswaai. ✓✓
- Kleinhandelsbesighede mag hul voorraadvlakke moet vermeerder soos meer verbruikers goedere en dienste sal wil koop. ✓✓
- Nuwe besighede word begin soos potensiële beleggers meer optimisties met die ekonomie raak. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte hoë orde antwoord) (Maks 10)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)**

**SLOT**

Die owerheid moet verseker dat vraagkantbeleide deur aanbodkantbeleide ondersteun word wat help om ekonomiese groei te bereik terwyl prysstabiliteit verseker word. ✓✓ **[40]**
**(Aanvaar enige ander korrekte hoër orde relevante slot) (Maks 2)**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -0- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die verskeie ekonomiese aanwysers. (26 punte)**
- **Hoe kan sosiale aanwysers die owerhede help om besluitneming te verbeter? (10 punte)**

**INLEIDING**
Ekonomiese aanwysers is statistiese data gebruik om die prestasie van 'n ekonomie in terme van ekonomiese doelwitte van groei, prysstabiliteit, wisselkoersstabiliteit en indiensneming vas te stel. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks 2)**

**LIGGAAM: HOOFDEEL**
**1) Inflasiekoers aanwysers** ✓
- SARB strewe om die inflasiekoers stabiel tussen 3 en 6% (inflasieteikens) te hou. ✓✓
- Prysverhogings vind plaas eerder weens skaarsheid van goedere en dienste of veranderinge in verbruikersvoorkeure. ✓✓
- Daar is twee sleutel inflasie aanwysers:
  **a) Produsenteprysindeks (PPI)** ✓
  - PPI word gebruik om veranderinge in die pryse van goedere wat plaaslik geproduseer word te meet wanneer hulle die fabrieksvloer verlaat en ingevoerde goedere wanneer hulle die land binnekom. ✓✓
  - Die aanwyser bestaan uit 'n mandjie plaaslike, uitgevoerde en ingevoerde goedere. ✓✓
  - Die indeks meet die koste van produksie en dit dien as 'n aanwyser om verbruikersinflasie (VPI) te voorspel. ✓✓

  **b) Verbruikersprysindeks (VPI)** ✓
  - VPI is die geweegde gemiddelde van die prys van 'n algemene mandjie goedere en dienste waarskynlik deur verbruikers gekoop word. ✓✓
  - Gewigte word verkry van die besteding van huishoudings en dui veranderinge in die koopkrag van die rand aan. ✓✓
  - VPI is die amptelike indeks in vasstelling van inflasieteikens ✓✓
  - Die indeks meet die lewenskoste en word deur vakbonde gebruik om vir loon verhogings te onderhandel. ✓✓

**2) Buitelandse handel aanwysers** ✓
- In 'n toenemende geglobaliseerde wêreld, is internasionale handel baie belangrik. ✓✓
- Uitvoere stimuleer indiensneming en invoere verbreed die keuse van verbruikers. ✓✓
- Daar is twee sleutel buitelandse handel aanwysers:
  **a) Ruilvoet:** ✓
  - Ruilvoet is die verhouding tussen uitvoerprys-indeks teen invoerprys-indeks.
  - 'n Verswakking in die ruilvoet word deur 'n styging in invoerpryse en 'n daling in uitvoerpryse veroorsaak. ✓✓
  - 'n Groter volume uitvoere mag nodig wees om geproduseer te word om uitvoerdienste te handhaaf, as die ruilvoet afneem. ✓✓
  - 'n Verbetering in die ruilvoet word deur 'n daling in invoerpryse en 'n styging in uitvoerpryse veroorsaak. ✓✓
  - Die ekonomie sal minder bestee vir dieselfde hoeveelheid van invoere as die ruilvoet styg. ✓✓

- Veranderinge in die ruilvoet dien as 'n aanwyser van verandering wat oorloop-effekte in die Betalingsbalans mag veroorsaak en die plaaslike geldeenheid mag appresieer of depresieer. ✓✓

**b) Die wisselkoers:** ✓
- Wisselkoers verwys na die waarde van 'n land se geldeenheid in terme 'n ander geldeenheid. ✓✓
- Wisselkoerse tussen lande kan verskil wat beteken dat die rand teen die VSA dollar mag depresieer maar teen die Chinese joean appresieer. ✓✓
- Veranderinge in 'n wisselkoers beïnvloed die pryse van invoer- en uitvoerverdienste. ✓✓
- Depresiasie van die rand teen die dollar sal veroorsaak dat VSA goedere en dienste meer duurder in Suid-Afrika raak. ✓✓
- Appresiasie van die rand teen die VSA dollar sal Suid-Afrikaanse uitvoere aan die VSA duurder maak en daardeur vraag verminder. ✓✓

**3) Indiensneming aanwysers** ✓

**a) Die ekonomiese aktiewe bevolking (EAB)/ Arbeidsmag:** ✓
- Ekonomiese aktiewe bevolking verwys na die arbeidsmag tussen 15 – 65 jaar oud. ✓✓
- EAB sluit werkers in die formele sektor, informele sektor, werkgewers, persone in eie diens en werklose persone in. ✓✓

**b) Indiensnemingskoers:** ✓
- Indiensnemingskoers is die aantal werksame persone uitgedruk as 'n persentasie van die ekonomiese aktiewe bevolking (EAB). ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse indiensnemingskoers was ongeveer 67.4% in 2023. ✓✓
- Hoë vlak van indiensneming is 'n aanduiding van 'n sterk ekonomie met hoë vlakke van groei en ontwikkeling. ✓✓
- Indiensneming aanwysers word gebruik om die tendense in die verskillende ekonomiese sektore of bedrywe te bereken, produktiwiteit en suksesse van die ekonomie in die benutting van hul volle potensiaal. ✓✓

**c) Werkloosheidskoers:** ✓
- Werkloosheidskoers is die aantal werklose persone (wie aktief werk soek) uitgedruk as 'n persentasie van die ekonomiese aktiewe bevolking. ✓✓
- Statistiek Suid-Afrika verkry arbeisdata van die Kwartaallikse Arbeidsmag opname om werkloosheid te bereken. ✓✓
- In Suid-Afrika was die amptelik werkloosheidskoers ongeveer 32,6% in 2023 en is die hoof oorsaak van armoede. ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
APPROVED MARKING GUIDELINE

**4) Produktiwiteit aanwysers** ✓
- Arbeidsproduktiwiteit word noukeurig dopgehou, veral met betrekking tot reële looneise. ✓✓

**a) Arbeidsproduktiwiteit:** ✓
- Arbeidsproduktiwiteit word gemeet deur die reële BBP deur die aantal werkers in diens te deel. ✓✓
- Arbeidsproduktiwiteit = reële BBP / aantal werkers in diens. ✓✓
- In Suid-Afrika neem arbeidsproduktiwiteit teen 'n laer koers toe as die toename in arbeidsvergoeding. ✓✓

**b) Vergoeding per werker:** ✓
- Wanneer produktiwiteit toenames minder is as die reële loonstygings, sal inflasiedruk voorkom. ✓✓

- Die verband tussen produktiwiteit en lone is uiters belangrik vir werkgewers en werkers en daarom is hulle belangrike aanwysers. ✓✓

**5) Rentekoers aanwysers** ✓

- Rentekoerse is die koste van geleende geld sowel as opbrengs van kapitaal belê. ✓✓
- Repokoers is die vernaamste faktor gebruik om rentekoerse te meet. ✓✓
- Repokoers is die koers waarteen die Suid-Afrikaanse Reserwebank geld aan handelsbanke leen. ✓✓
- 'n Styging in rentekoerse beteken dat huishoudings en besighede hoër terugbetalings paaiemente op hul skuld moet betaal. ✓✓
- Hoër rentekoerse sein 'n daling in sakesiklusse en sommige werkers mag hul werk verloor en inkomstes neem af. ✓✓

**6) Geldvoorraad aanwysers** ✓

- In Suid-Afrika is die aanbod van geld deur die SARB beheer. ✓✓
- Geldvoorraad is geklassifiseer in die volgende drie kategorieë:
  a) M1:✓ dit behels banknote en munte in sirkulasie en opvraagbare deposito's van die binnelandse private sektor by banke. ✓✓
  b) M2:✓dit behels M1 plus ander kort- en mediumtermyn deposito's van die binnelandse private sektor by banke. ✓✓
  c) M3: ✓dit behels M2 plus langtermyn deposito's van die binnelandse private sektor by banke. ✓✓

**Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks.10)**
**(Ken 'n maksimum van 8 punte vir opskrifte/ sub-hofies/ lys van feite/ voorbeelde toe)**
**(Ken 'n maksimum van 12 punte toe vir die bespreking van sakesiklus aanwysers, d.w.s leidende, samevallende, sloerende en saamgestelde aanwysers )**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -0- 02
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**ADDISIONELE DEEL**

**Sosiale aanwysers kan die owerheid help om ingeligte besluite as volg te maak:**

- Die owerheid gebruik demografiese inligting om te beplan vir die toekoms en bereik sekere uitkomstes soos welsyndienste vir die bejaardes. ✓✓
- Bevolkingsgroei laat die owerheid toe om die grootte van die belastingbasis te identifiseer en bepaal die aantal maatskaplike dienste wat hulle sal kan lewer. ✓✓
- Die grootte van 'n land se bevolking help die owerheid om te beplan vir hul infrastrukturele projekte en sosiale programme. ✓✓
- Verstedeliking aanwysers help die owerheid om die beskikbaarheid van die arbeidsmag aan te dui en beplan op die beskikbaarheid van grond vir menslike vestiging en ekonomiese doelwitte. ✓✓
- Wanvoeding en oorgewig aanwysers help die owerheid te besluit oor hoeveel om te belê in die nasionale gesondheidsisteem en voedingskemas. ✓✓
- Behuising aanwysers help die owerheid om die behuisingsbehoeftes van burgers te bepaal en weet hoeveel dit moet belê in behuisingsprojekte ten einde die lewenstandaard te verbeter. ✓✓
- Onderwys aanwysers laat die owerheid toe om die toekomstige aanbod van geskoolde arbeid te bepaal en toepaslike maatreëls te implementeer om die kwaliteit van onderwys te verbeter. ✓✓
- Aanwysers wat toegang tot basiese dienste meet soos elektrisiteit, water en sanitasie help die owerheid om hul werkverrigting in dienslewering te evalueer en gebiede vir verbetering te identifiseer. ✓✓
- Gesondheid aanwyser help die owerheid om gesondheidsverwante kwessies te ondersoek en formuleer geskikte planne en strategieë om die algehele gesondheidstatus van die land te verbeter. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte hoë orde antwoord) (Maks 10)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)**

**SLOT**

Beleidmakers moet die tendense moniteer gevolg deur ekonomiese aanwysers om te verseker dat hulle geskikte beleide implementeer om die verrigtinge van die ekonomie te verbeter. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte hoër orde relevante slot) (Maks 2)**

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -
APPROVED MARKING GUIDELINE